

3 Julie

Skrifgedeelte: Nehemia 13
Fokusgedeelte: Nehemia 13:14

Onthou tog wat ek gedoen het, my God!

Die versugting van Nehemia aan die einde van hierdie aangrypende geskiedenisbeskrywing is: *“Onthou tog wat ek gedoen het, my God!”* Waarvoor wil hy onthou word? Sy biddende, uitmuntende en wyse leierskap om die volk uit die vernedering op te hef en hulle met trots onder die nasies te laat opstaan, staan sentraal in hierdie boek. Sy ywer om die volk weer tot eer van God te laat leef is tot in die laaste hoofstuk duidelik. Die volk mag nie net weer in dieselfde sondes verval as voor die ballingskap nie.

Daar is hard gewerk aan Jerusalem se mure en die geestelike opbou van die volk. Tog was daar nog nie volmaaktheid nie. Met sy terugkoms van koning Artasasta af was daar reeds verval. Soos 'n goeie leier stry hy voortdurend vir goeie orde en diens van die Here. Tobija, die heiden, word uit sy kamer by die voorhof van die tempel geskop, die Leviete se onderhoud uit bydraes van die volk word weer gereël, sabbatsheiliging word herstel en huwelike met heidene word verbied.

Jesus het mens geword om die vervalle kerk se verhouding met God te herstel en op te bou. Deur die Heilige Gees groei die kerk steeds. Daar is egter geen volmaaktheid gebring nie. Bekering bly noodsaaklik. Voorgangers moet gelowiges weer en weer oproep tot 'n toegewyde lewe. Daar mag nie geleef word asof daar geen verskil tussen kerk en wêreld is nie. Meelewende gelowiges mag nie terugval in ongehoorsaamheid nie. Tot met die aanbreek van die nuwe Jerusalem sal herstel en opbou nodig wees.

Sing: Psalm 40:4

Dr WC Opperman (Windhoek-Suid)